Gereformeerde Kerk Benoni

Polsslag

16 Februarie 2020

Saam verheerlik ons God deur voortdurende metamorfose.

VANDAG SE EREDIENSTE

09:00 OGGENDDIENS

ds. Rynhardt Pretorius
Skriflesing: 1 Konings 3:1-15
Fokusvers: 1 Konings 3:9
Tema: Stap vir stap met God!

18:30 AANDDIENS

dr. Braam Krüger
Skriflesing: Rm. 4:1-8 & Heb. 5:7-10
Fokusvers: Romeine 4:6
Tema: Die groot debiet in jou lewe!

GEMEENTE ADMINISTRASIE:

Vertrek sonder attestate:

- Vanessa Hermaans,
- Megan Titus,
- Vernie en Alice Pears
- Duwayne, Zeenat, Zeejad, Milandre, Allistar en Delton Hector.

LOSMAKING & ONTSLAG UIT DIE AMP:

- Jaap Smit ontvang vandag losmaking uit die amp as diensgroepleier van die boudiensgroep.
- Giel Oberholzer ontvang vandag ontslag as wyksleier.

Baie dankie vir julle toegewyde dienswerk in ju onderskeie ampte.

TER APPROBASIE:

Die volgende lidmate word ter approbasie aan die gemeente voorgehou

- Neels Janse van Rensburg as diesgroepleier van boudiensgroep & diensgroep - kinderhuise.
- Erica Badenhorst as wyksleier vir wyk D2
- Madaleen Calitz as diensgroepleier van katkisasie.

Gedeelde vreugde is dubbele vreugde;
Gedeelde hartseer is halwe hartseer.
Deel met ons jou vreugdes, hartseer en pyn.
Ons wil graag vir jou bid!
Stuur gerus 'n boodskap aan
polsslag@gkbenoni.co.za of na 081 218 3048

Lief-en-Leed

Ons doen voorbidding vir die volgende lidmate:

MEELEWING & DANKBAARHEID:

- Ons dra Linda Damons op in gebed wat teen kanker stry.
- Ons is dankbaar saam met tannie Monica Seymour dat dit beter gaan met haar. Sy is oorgeplaas Rynmed toe vir verdere behandeling.

GELUKWENSING:

- Corrie Yssel en Arina Sterkenburg het beide agterkleinkinders ryker geword in die afgelope week.

BESOEKE DEUR PREDIKANTE

Die predikante doen graag huisbesoeke by lidmate wat 'n behoefte het daaraan.
Skakel gerus die predikante direk of kontak Ina Bolt by die kerkkantoor om afsprake met predikante te maak | versoeke vir huisbesoeke vanaf die predikante te reël.

Ina se nommers is 084 339 1136 / 011 849 2054

GEBEDSFOKUS VIR HIERDIE WEEK:

- **EVANGELISME**

Gebed vir onbereikte bevolkingsgroepeUitdeelstukkies is op die tafel in die ingangsportaal van die kerk by die gebedshoekie beskikbaar met meer inligting oor die onderwerp, en riglyne om jou te lei in gebed.

Navrae by Donsie Kruger op 084 627 2393

OP DIE PROGRAM VIR HIERDIE WEEK 16 - 23 FEB 2020

DAG	TYD	GELEENTHEID	KONTAKPERSOON
Sondag Feb 16	09:00 09:00 11:30 18:30	Oggenddiens | Nagmaal Peuterkerk (2 - 4jariges) in die kerkhuisAanddiens Dankseggingsete Aanddiens | Nagmaal	Anneke Salomons
Maandag	09:30 19:00	Rynpark 5 Bybelstudie Dissipelskap 101	Adri Goede 083 654 4821 Braam Kruger 084 627 2393
Dinsdag	09:00	Koordineringsvergadering	Ronel Ritchie 081 218 3048
Woensdag	10:00 19:00	Rynpark 6 Nagmaal Blok E Blokvergadering	
Donderdag	10:00 19:00	Palmbyeenkoms Wyk F1 Bybelstudie vir jong werkendes/studente	Corrie Venter 083 587 2236 Peet Duvenage 078 782 2346
Vrydag	05:30 05:30 09:00 17:00	Manne gebedsgroep Dames gebedsgroep Bybelstudie DUST Vrydagaand-sessie	Schalk van Eeden 082 561 9409 Donsie Kruger 084 627 2393 Dr. Braam Krüger 082 459 5636 Melani van Wyk
Sondag Feb 23	09:00 09:00 17:00 18:30	Oggenddiens | Katkisasie gr 1 - 7 Peuterkerk (2 - 4jariges) in die kerkhuis Lof-en-Aanbiddingsdiens Aanddiens | Katkisasie gr 7 - 11	Anneke Salomons

OUDERLING DIENSBEURTE	
Vandag	Hennie Coetzer
Volgende week	Johan Pretorius
TEESKINKBEURTE	
Vandag	Wyk A3
Volgende week	Wyk F5

BYBELPLASING-AKSIE
SONDAG 23 FEBRUARIE

Dust vat hande met die Evangelisasie diensgroep van ons gemeente en gaan saamwerk met die Bybelplasing- uitreik na Daveyton Sondag 23 Februarie.

Ons sal 9:25 uit die oggenddiens verdaag en dan 9:30 vertrek na Daveyton. Ons wil daarom alle Dust kinders uitnooi om saam te gaan en die Here se Woord uit te deel aan sy mense.
Laat weet gerus so gou moontlik vir Melani op 072 587 2236 indien jy belangstel.
Dustgroete

PALMSBYEENKOMS
DONDERDAG 20 FEB. @ 10:00

Alle Senior lidmate (60 plussers) word uitgenooi, om 'n piramide ete saam met ons te kom geniet.
Navrae: Corrie Venter op 083 280 9659

OMGEEDIENSGROEP: 2020

Een van ons belangrikste diensgroepe in die gemeente is die Omgeediensgroep. Deelnemers aan hierdie groep besoek gereeld lidmate wat siek is (tuis), wat ingekluister is, terminaal-siek lidmate of ouer lidmate wat die liefde van ons gemeente nodig het. Ons wil graag seker maak dat almal wat reeds deel is van die groep nog ingedeel is en op datum is met hulle toegewysde persone. Daar kom ook deurentyd nuwe mense wat besoek moet word op die lysie by, en ons wil hulle indeel by 'n **trooster**. Ons is ook dringend op soek na persone wat bereid is om **hospitaalbesoeke** te doen.
Sr Corrie Yssel (0825784094) is die leier van hierdie Diensgroep.
Met die oog op hierdie hergroepering **vergader** almal wat reeds betrokke is, of wat betrokke wil raak, op Sondag 1 Maart na die oggenddiens (in die kerkgebou). Oorweeg asseblief biddend jou deelname aan hierdie diensgroep se geleenthede om die liefde te leef! Navrae by Corrie Yssel (082 578 4094) of Braam (0824595636).

SOEK DIE BYBELVERS

Verlede keer 9 Februarie 2020 se antwoord: Gen 4:16
"En Kain het van die Here af weggegaan. Hy het gaan woon in Nod, oos van Eden"
Die volgende Bybellesers het korrekte antwoorde ingestuur:
Martie Gibson; Una Steyn; Chrissie Pretorius; Charmain Cathro; Jan Lubbe; Annette Venter; Klein de Kock ; Elma Jansen
Hierdie week: Soek die Bybelvers 16 Februarie 2020.
" Moses het die Israeliete laat wegtrek van die Rietsee af en hulle het na die ?????????, toe gegaan. Hulle het drie dae lank die woestyn in getrek en geen water gekry nie. "
Vraag: Waar het die Israeliete heen getrek nadat hulle deur die Rietsee is?
Lees gerus Eksodus en noem die vers waar dit staan, en SMS die antwoord met jou Naam en Van na 082 873 3173.

BYBELGENOOTSKAP 200 JAAR

Die Bybelgenootskap vier in 2020 die 200ste jaar van Bybelwerk met die tema "Die Bybel: Hoop vir almal," met die volgende hulpmiddels beskikbaar.

'n Besprekingsboekie – " Die Bybel: Hoop vir almal" wat die ontstaan, inhoud en karakter asook hoe om die Bybel te lees, uiteensit.

'n Bybelleesplan asook 'n 40-dae-Bybelstudie.

Preeksketste

Bybel 2020 –waartydens wêrelwye selfopnames van dagtekste in alle tale mbv 'n toepassing opgeneem sal word. Meer inligting by www. Bible2020.org

Die hooffokus is egter die " 2 Miljoen Bybelprojek " wat beoog om die Bybeltekort in ons land met 2 miljoen te verminder deur verspreiding van Bybels en geletterdheidsboekies.
Om dit te realiseer word ons gemeente ook versoek om R100 per lidmaat te skenk deur die projek "Borg -'n-Bybel wat ons sal afdra aan die Bybelgenootskap.
Vir meer inligting klik op
www.youtube.com/watch?v=DLKb4YdeAew&t=15s

Ons gemeente se ander Bybelprojekte is:

Bybelaksie- waar ons plaaslik Bybels beskikbaar maak en by geleenthede plaas. Ons beplan DV om volgende week ons eerste plasing te skenk te GK Daveyton en ons nooi enige belangstellendes wat wil deel aan die uitreik om met Pieter of Lenie Venter kontak te maak.

Afrikaprojekte- ons jaarlikse uitreik na Lesotho is reeds in beplanning vir April en indien u sou wou deel aan die uitreik, kontak gerus Lenie Venter by pavoptom@global.co.za.

Ons bede in hierdie jaar van ons oproep tot dissipelskap is dat ons as gemeente ons dissipelskap sal opneem , uitleef met ons oë op Christus en 'n Bybel in ons hande vir die wat soekend is na die verlossende Woord van God.

Seënwense van DG Bybelverspreiding.

VERJAARSDAE 16 - 22 Feb

Baie geluk aan almal wat hul verjaarsdae vandag en in die komende week vier!

DATUM	NAAM	KONTAK NO.
16/02	Hector Zeenat Marius du Plessis Amanda Jansen Poppis Nel Kristen Shaw	 082 923 2732 084 533 2336 083 548 6186
17/02	Elsie Snyman Melissa Bonsma Roné Coetzer	082 467 4849 079 434 4374
18/02	Henco Smit Bronwyn Salomons	082 336 1552 083 965 2659
19/02	Elsabé Kotzé Hyne vd Walt	083 407 8141 082 317 6732
20/02	Herman Joubert ☺ Liza Marchand	 082 805 3119
22/02	Ruben Vos Neville Watt Lionel Watt	 084 000 5526

(☺ doop-l) (* 70 ≤ 79) (** 80 ≤ 89) (*** 90≤)

WEEKLIKSE PITKOS EN BESPREKINGSVRAE

Elke week op Maandae word daar 'n Pitkos en besprekingsvrae **per e-pos** uitgestuur.
Die Pitkos is 'n opsomming van die voorafgaande oggenddiens, en die besprekingsvrae kan tydens wykbyeenkomste of as huisgodsdiens gebruik word.

As jy die Pitkos wil ontvang, kliek op die "pop-up" op die GK Benoni webblad, en vul asb. die vormpie in, of kontak Ronel op 081 218 3048

SKRYWE ONTVANG:

Liewe Gereformeerde Kerk Benoni
Ons wil graag die Benoni gemeente bedank vir alles wat hulle vir die kinderhuise reeds beteken en julle betrokkenheid by ons is van onskatbare waarde. Dankie vir die reël en finansiering van die Riviertoer kamp vir die kinders sodat hulle ook die wonderlike geleentheid kan beleef elke jaar. Dan is daar ook die geskenkgeld wat ons jaarliks ontvang.
Dit was vir ons baie aangenaam met die besoek wat Neels hier by ons afgelê het en ons is baie opgewonde oor die samewerking en julle besoeke in die toekoms. Ons het ook 'n paar projekte geidentifiseer wat ons graag saam met die gemeente sal wil aanpak.
1) Ons moet dringend die teëls rondom die swembad vervang. Die teëls is stukkend en kan maklik die kinders beseer.
2) Ons wil graag 'n krieket mat by die krieket hokke opsit en hokke verbeter sodat ons kinders nie tussen die geboue speel en ruite stukkend slaan.
3) Ons moet die studie banke vervang en dit meer praktries werkbaar maak.
Hierdie is slegs voorbeelde van praktiese projekte en is geen voorskryf vir die gemeente nie. Daar is baie ander projekte wat ons kan aanpak en hang altyd af van die gawes en bekostigbaarheid wat in die gemeente is.
Ons sien ook baie uit om van u gemeente lede te ontvang as u hier by ons kan kom kuier, wat altyd vir die kinders ook 'n aangename ervaring is.

Vriendelike groete.
Paul Kruger kinderhuise.

As jy by hierdie diensgroep betrokke wil raak kontak gerus Neels Janse v Rensburg op 082 065 3989

2020 MANNEKAMP
24—26 APRIL 2020

Die mannekamp sal hierdie jaar plaasvind op 'n plaas in die Heilbron omgewing vanaf 24 - 26 April. Kom geniet aktiwiteite saam met die seuns, soos kleilat gooi, kleiosse bou, kettie skiet, teiken skiet, Lantern bekruip, ens. Daar is 'n lys in die kombuis waar die wat belangstel hul name moet opskryf.
Vir verdere navrae kontak Corne 076 366 6656 of Stefan 083 785 2713.

DISSIPELSKAPSGIDSE

Daar is nog ‘n paar Dissipelskapsgidse beskikbaar teen R80 elk.

Gidse kan in die konsistorie

na die oggenddiens

afgehaal word.



KOLLEKTES

KOLLEKTES VAN:
9 Februarie

Diens van Barmhartigheid:	R 8 345
Kerkkas	R 2 700
Jeugdiens:	R 186

KOLLEKTES VANDAG:
Kollekte onder die diens: Diens v Barmhartigheid
Deurkollekte: Afrika Bybelprojek

Deurkollektes **23 Februarie: Emeritaatsversorging**

GK BENONI BANKBESONDERHEDE :

BANK: ABSA
TJEK REK : 220 340 333
VERWYSING: Volle **Naam, Van & Doel**

Diens van Barmhartigheid

Afrika Bybelprojek

PREDIKANTE:
dr. Braam Krüger
☎ 082 459 5636
ds. Rynhardt Pretorius
☎ 074 944 7769

ADMINKANTOOR:
Ma-Vr 09:00-14:00
Ina Bolt
☎ 011 849 2054
☎ 084 339 1136

WEBBLAD:
www.gkbenoni.co.za

BERIGTE:
polsslag@gkbenoni.co.za

FACEBOOK:
https://www.facebook.com/GKBenoni/

VRA JOU VRAE:
https://goo.gl/WFtT3F